

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

VAN TELEVISIE OP ENKELE  
EN STUDIE-OMSTANDIGHEDE  
STANDERD AGT-DAGSKOLIERE

VERVALDATUM / DATE DUE


--	--	--	--

. DU PREEZ, B.A., M.Ed.



IR KOMMUNIKASIENAVORSING  
EUR: DR. P.C.J. JORDAAN

00000000000000000000



Handwritten notes and stamps

Pretoria  
1979



NAVORSINGSBEVINDINGNOMMER: KOMM-N-21

ISBN 0 86965 583 3

Kopiereg voorbehou

Prys: R0,65

001.3072068 HSRC KOMM N 21



BIBLIOTEK  
LIBRARY

HSRC

1979-08-30

STANDKODE

001.3072068

NUMMER

043888

KOMM N 21  
BESTELNOMMER

G

X

HSRC

## ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier die provinsies van die RSA en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies betuig:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het; die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het.

Die volgende persone dien tans in die ad hoc-komitee van die projek KOMM 11:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Prof. C. Rip*	Universiteit van Suid-Afrika
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasie-navorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasie-navorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

---

\*Intussen oorlede

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

## INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
1	INLEIDING	1
2	DOEL	2
3	METODE VAN ONDERSOEK	2
3.1	STEEKPROEF	2
3.2	MEETINSTRUMENTE	3
3.3	EKSPERIMENTELE ONTWERP	3
4	BEVINDINGS	9
4.1	INLEIDING	9
4.2	TYD OM HUISWERK TE DOEN	9
4.3	TYD GEDURENDE DIE WEEK AAN HUISWERK BESTEE (MAANDAG TOT DONDERDAG)	11
4.4	TYD OOR NAWEKE AAN HUISWERK BESTEE	11
4.5	SLAAPTYD GEDURENDE WEEKSDAË	14
4.6	OPSTAANTYD GEDURENDE WEEKSDAË	16
4.7	DIE MATE WAARIN PROBLEME ONDERVIND WORD OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) Sê	16
5	SAMEVATTING	19
6	SYNOPSIS AND CONCLUSION	20
	BIBLIOGRAFIE	22

TABELLE

	BLADSY
1 KRY JY GENOEG TYD OM JOU HUISWERK (SKOOLWERK) SO GOED AS MOONTLIK TE DOEN? (SEUNS)	10
2 KRY JY GENOEG TYD OM JOU HUISWERK (SKOOLWERK) SO GOED AS MOONTLIK TE DOEN? (MEISIES)	10
3 HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK PER DAG AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? MAANDAG TOT DONDERDAG (SEUNS)	12
4 HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK OOR NAWEKE AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? (SEUNS)	13
5 HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK OOR NAWEKE AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? (MEISIES)	13
6 HOE LAAT GAAN JY GEWOONLIK IN DIE AANDE SLAAP? (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (SEUNS)	15
7 HOE LAAT GAAN JY GEWOONLIK IN DIE AANDE SLAAP? (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (MEISIES)	15
8 HOE LAAT STAAN JY GEWOONLIK IN DIE OGGENDE OP? (MAANDAE TOT VRYDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (SEUNS)	17
9 VIND JY DIT MOEILIK OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) Sê? (SEUNS)	18
10 VIND JY DIT MOEILIK OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) Sê? (MEISIES)	18

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende ondersoek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing gedoen word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek strek oor 'n tydperk van agt jaar, naamlik van 1974 tot 1981 en word uitgevoer op leerlinge van standerd 3 tot standerd 10. Van die standerd 3- en standerd 6-leerlinge wat by die eerste opname (1974) ingesluit was, word jaarliks in opvolgstudies betrek totdat hulle standerd 10 bereik. Hiernaas is vir kontroledoeleindes 'n aantal leerlinge van standerd 3 tot standerd 10 in 1974, 1975 en 1977 in die ondersoek betrek.

Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin en 'n verskeidenheid van aspekte soos persoonlikheid, verhoudings (persoonlik, huislik, sosiaal en formeel), waarde-oriëntasies, sosiale gedrag, studiegewoontes en -houdings en tydbenutting, word bestudeer. Weens die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van hierdie aspekte ingewin is, word daar vir die doeleindes van hierdie navorsingsbevinding slegs op enkele huiswerkgewoontes en studie-omstandighede van standerd agt-dagskoliere gekonsentreer.

Uit buitelandse navorsing blyk dat skoolgaande kinders, na die instelling van televisie, in die algemeen minder tyd aan hulle huiswerk bestee en ook neig om saans later te gaan slaap (Furu, 1962; Cammaer, Sonnevillie en Verboven, 1972; Schramm, Lyle en Parker, 1961; Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958 en Maletzke, 1959).

Die bevindings van buitelandse navorsers kan egter nie sonder meer op die skoolgaande kinders in die RSA van toepassing gemaak word nie. Uitsprake oor en bevindings ten opsigte van die effek van televisie impliseer direk of indirek kommentaar op die betrokke samelewing, en is ook ten nouste verbonde

aan die samelewing en kultuur waarbinne televisie as massakommunikasie-medium funksioneer. Suid-Afrika verskil nie net kultureel van die buitenland nie, maar ons televisiediens dra ook 'n eiesoortige karakter. Met die instelling van 'n televisiediens gedurende Januarie 1976 in Suid-Afrika, het dit moontlik geword om die invloed van die medium op leerlinge se huiswerkgewoontes en studie-omstandighede ter plaatse te ondersoek.

## 2 DOEL

Die doel met hierdie ondersoek is om die korttermyninvloed\* van televisie op die volgende aspekte van die huiswerkgewoontes en studie-omstandighede van standerd 8-dagskolliere te ondersoek:

- a. Tyd per dag aan huiswerk (skoolwerk) bestee (Maandag tot Donderdag);
- b. tyd oor naweke aan huiswerk bestee;
- c. slaap- en opstaantyd (Maandae tot Donderdae gedurende die skoolkwartale);
- d. die vraag of daar genoeg tyd is om huiswerk so goed as moontlik te doen; en
- e. aandagskonsentrasie in klaskamer.

## 3 METODE VAN ONDERSOEK

### 3.1 STEEKPROEF

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik word, is gedurende 1974 en 1976 ingesamel tydens 'n omvattende ondersoek wat in provinsiale skole van die vier provinsies in die RSA onderneem is. 'n Steekproef van 4 491 standerd 6-leerlinge wat ten opsigte van die volgende veranderlikes gestratifiseer is, is in 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie getrek: Geslag; taal van onderrig; stedelik en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skole geleë is. 'n Groot aantal van hierdie kinders is weer in 1976, dus na die instelling van televisie, in 'n opvolgstudie betrek.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is daar uit bovermelde breë steekproef 'n seleksie gemaak van alle Afrikaans- en Engelssprekende (huistaal en medium

---

\*Korttermyninvloed verwys in hierdie bevinding na die invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending.



van onderrig) dagskoliere. Die leerlinge is verder verdeel in 'n groep wat in daardie stadium (1976) reeds televisie gekyk het (die eksperimentele groep) en 'n groep wat toe nog nie televisie gekyk het nie (die kontrolegroep). Hierna is die eksperimentele en kontrolegroep verder volgens geslag verdeel. Die rede waarom bogenoemde seleksie en onderverdeling gemaak is, is om die eksperimentele en kontrolegroepe gelyk te stel ten opsigte van veranderlikes wat moontlik by huiswerkgewoontes 'n rol kan speel. Dat geslag 'n rol speel by die studiegewoontes en -houdings van leerlinge is onder andere bevestig deur die bevindinge van Du Toit (1970), Van Niekerk (1972) en Du Preez (1977). Laasgenoemde ondersoeker het byvoorbeeld bevind dat geslag 'n assosiasie toon met die hoeveelheid tyd wat leerlinge gedurende die week en oor naweke aan hulle huiswerk bestee. Leerlinge wat in kinders- en koshuise woon, is nie betrek nie, aangesien hulle huiswerkgewoontes asook hulle massamedieagebruik moontlik in groot mate deur reëls en regulasies bepaal word.

By die eksperimentele groep is slegs dié leerlinge wat tuis oor televisiestelle beskik het, ingesluit, en wat gedurende weksdae en/of naweke televisie gekyk het. Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wat wel elders gekyk het (kuierrykers) is nie by die eksperimentele of die kontrolegroep ingesluit nie. Om voorsiening te maak vir die "nuutheids-effek" is verder slegs die respondente betrek wat in die Televisievraelys aangedui het dat hulle reeds vir 3 maande en langer oor 'n televisiestel in die huis beskik. Die kontrolegroep bestaan dus uit dagskoliere wat nie tuis oor televisiestelle beskik het nie en ook nie elders toegang tot televisie gehad het nie. Die eksperimentele en kontrolegroepe bestaan onderskeidelik uit 527 en 94 seuns en 507 en 143 meisies.

### 3.2 MEETINSTRUMENTE

Gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik word, is tydens die reeds genoemde omvattende opname deur middel van die tydbenutting-, biografiese en televisievraelyste ingewin. Die leerlinge het die vraelyste self onder toesig van opgeleide onderwysers ingevul. Slegs die vrae wat op huiswerkgewoontes en studie-omstandighede betrekking het, is gekies vir hierdie doel.


### 3.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP

Soos blyk uit die voorgaande beskrywing word daar in hierdie ondersoek ge-


bruik gemaak van 'n toets-hertoets ontwerp met een kontrolegroep. Dit word skematies in figuur 1 uitgebeeld.

FIGUUR 1

EKSPERIMENTELE ONTWERP: TOETS-HERTOETS MET KONTROLE



Instelling van televisie



Ten opsigte van die antwoorde op elke vraag is 'n reeks vergelykings getref tussen die groepe wat in figuur 1 aangedui is. Aangesien die antwoorde slegs in frekwensievorm beskikbaar is, is die chi-kwadraat -statistiese toets ( $\chi^2$ ) (vergelyk Siegel, 1965) onder andere vir hierdie vergelykings gebruik. Slegs verskille of assosiasies wat met 'n oorskrydingswaarskynlikheid van 0,05 of kleiner gepaard gaan, is as betekenisvol beskou. Die volgende vergelykings is getref:

- a.  $A_1$  met  $B_1$  (deur middel van  $\chi^2$ )

Indien die antwoorde van  $A_1$  op 'n bepaalde vraag betekenisvol verskil het van dié van  $B_1$ , is geen verdere verwerkings gedoen nie, aangesien die twee groepe voor die instelling van televisie nie vergelykbaar was ten opsigte van daardie betrokke aspek van hul huiswerkgewoontes of studie-omstandighede nie.

- b.  $B_1$  met  $B_2$  (deur middel van direkte vergelyking van frekwensies)

Aangesien twee jaar tussen die 1974- en 1976-opnames verloop het, is dit nodig om voorsiening te maak vir veranderings in die antwoorde van die leerlinge in die eksperimentele groep wat aan ander faktore as die invloed van televisie (byvoorbeeld rypingseffek) toegeskryf kan word.

Dit is gedoen deur by die kontrolegroep na te gaan hoe die getal leerlinge wat een van die twee antwoordkategorieë by elke vraag gemerk het, van  $B_1$  tot  $B_2$  verander het. Elke verskil is dan uitgedruk as 'n breuk van die totale getal respondente in die kontrolegroep. 'n Proporsionele aanpassing in die getal leerlinge in die eksperimentele groep wat daardie antwoordmoontlikheid gemerk het, is dan telkens gemaak.

c.  $A_1$  met aangepaste  $A_2$  (deur middel van  $\chi^2$ )

Nadat bogenoemde aanpassing aangebring is ten opsigte van die getal leerlinge wat by  $A_2$  in figuur 1 elk van die twee antwoordmoontlikhede gemerk het, is 'n vergelyking getref tussen hierdie aangepaste getal en dié by  $A_1$ . 'n Betekenisvolle verskil dui op 'n moontlike effek van televisie.

Stappe (a) tot (c) word deur middel van die volgende twee voorbeelde in figure 2 en 3 geïllustreer. (Die  $\chi^2$ -waardes wat op die 0,001-peil betekenisvol is, word met 'n \*\*\*, dié wat op die 0,01-peil betekenisvol is met 'n \*\* en die waardes wat op die 0,05-peil betekenisvol is met 'n \* in die tabelle aangedui.)

FIGUUR 2

EERSTE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTRER: RESPONSE OP DIE VRAAG:  
"HOU JY VAN SWEM?"

	Eksperimentele groep:		Kontrolegroep:	
	$A_1$		$B_1$	
Voor instelling van televisie	Ja	350	Ja	385
	Nee	50	Nee	65
	TOTAAL	400	TOTAAL	450

Instelling van televisie -----

	$A_2$		$B_2$	
Na instelling van televisie	Ja	301	Ja	410
	Nee	99	Nee	40
	TOTAAL	400	TOTAAL	450

a. A<sub>1</sub> met B<sub>1</sub>

$$\chi^2 = 0,053 \quad \text{gv} = 1$$

Verdere vergelykings kan dus in hierdie geval gedoen word.

b. B<sub>1</sub> met B<sub>2</sub> ("ja"-response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 410 - 385 = 25$$

Laasgenoemde verskil in  $\frac{25}{450}$   
 verhouding tot totaal:

Aanpassing wat by A<sub>2</sub> aangebring moet word

$$\frac{25}{450} \times 400 = 22$$

c. A<sub>1</sub> met aangepaste A<sub>2</sub>

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk

A <sub>1</sub>	A <sub>2</sub> (aangepas)
Ja 350	(301-22) = 279
Nee 50	(99+22) = 121
TOTAAL 400	400

$$\chi^2\text{-waarde: } 36,445*** \quad \text{gv} = 1$$

In hierdie geval het televisie moontlik 'n nadelige uitwerking op die respondente se voorkeur vir swem gehad, aangesien statisties betekenisvol minder respondente in die eksperimentele groep A<sub>2</sub> (aangepas) as in die eksperimentele groep A<sub>1</sub> aangedui het dat hulle wel van swem hou.

FIGUUR 3

TWEEDE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTREREN: RESPONSE OP DIE VRAAG:  
"HOU JY VAN FIETSRY?"

	Eksperimentele groep:	Kontrolegroep:												
	A <sub>1</sub>	B <sub>1</sub>												
Voor instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 50%;">Ja</td><td style="width: 50%; text-align: right;">50</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;">94</td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">144</td></tr> </table>	Ja	50	Nee	94	TOTAAL	144	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 50%;">Ja</td><td style="width: 50%; text-align: right;">31</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;">71</td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">102</td></tr> </table>	Ja	31	Nee	71	TOTAAL	102
Ja	50													
Nee	94													
TOTAAL	144													
Ja	31													
Nee	71													
TOTAAL	102													

Instelling van televisie -----

	A <sub>2</sub>	B <sub>2</sub>												
Na instelling van televisie	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 50%;">Ja</td><td style="width: 50%; text-align: right;">61</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;">83</td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">144</td></tr> </table>	Ja	61	Nee	83	TOTAAL	144	<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td style="width: 50%;">Ja</td><td style="width: 50%; text-align: right;">57</td></tr> <tr><td>Nee</td><td style="text-align: right;">45</td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td style="text-align: right;">102</td></tr> </table>	Ja	57	Nee	45	TOTAAL	102
Ja	61													
Nee	83													
TOTAAL	144													
Ja	57													
Nee	45													
TOTAAL	102													

a. A<sub>1</sub> met B<sub>1</sub>

$$\chi^2 = 0,33 \quad gv = 1$$

Verdere vergelykings kan in hierdie geval gedoen word.

b. B<sub>1</sub> met B<sub>2</sub> ("ja"-response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 57 - 31 = 26$$

Laasgenoemde verskil in 26  
verhouding tot totaal: 102

Aanpassing wat by A<sub>2</sub> aangebring moet word

$$\frac{26}{102} \times 144 = 37$$

c. A<sub>1</sub> met aangepaste A<sub>2</sub>

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

A <sub>1</sub>		A <sub>2</sub> (aangepas)	
Ja	50	(61-37) =	24
Nee	94	(83+37) =	120
TOTAAL	144		144

$\chi^2$ -waarde: 11,6769\*\*\*      gv = 1

Soos in die vorige voorbeeld het televisie in hierdie geval ook waarskynlik 'n remmende invloed op die voorkeure ten opsigte van die betrokke aktiwiteit gehad. In laasgenoemde geval is televisie se invloed egter moeiliker om te interpreteer, want uit die onaangepaste syfers in figuur 3 blyk dat daar 'n toename (naamlik 11) in die eksperimentele groep se "ja"-antwoorde was. Die remmende invloed van televisie kan egter hier só geïnterpreteer word dat waar daar in die afwesigheid van televisie 'n groter toename in die "ja"-response verwag sou kon word, daar as gevolg van die aanwesigheid van televisie 'n gedeeltelike remming of teëwerking in hierdie toename is.

In albei voorafgaande voorbeelde was daar slegs twee antwoordmoontlikhede by elke vraag. In gevalle waar daar drie of meer antwoordmoontlikhede is, is hierdie antwoordmoontlikhede vir die doeleindes van dié ondersoek saamgevoeg tot twee kategorieë sodat dieselfde verwerkingsprosedures as in die voorbeelde daarop toegepas kon word. Die verspreiding van die antwoorde van die kontrolegroep van 1976 is as uitgangspunt geneem by hierdie samevoeging. 'n Dichotome-verdeling, met die snypunt tussen die twee aangrensende antwoordkategorieë met die hoogste frekwensies, is telkens by die betrokke tabelle gemaak. Hierdie snypunt lê na aan die mediaan van die antwoorde van die kontrolegroep van 1976, en indien invloed van televisie langs hierdie weg uitgewys word, het dit betrekking op verskuiwings in die omgewing van hierdie mediaan en nie op uiterste gevalle nie.

Die bovermelde ontwerp sal dwarsdeur hierdie studie gebruik word om die moontlike uitwerking van televisie ten opsigte van elkeen van die betrokke veranderlikes te ondersoek. -8-

## 4 BEVINDINGS

### 4.1 INLEIDING

Soos reeds by die eksperimentele ontwerp (kyk punt 3.3) vermeld, kon geen berekenings in verband met die invloed van televisie gemaak word in gevalle waar daar reeds voor die instelling van televisie statisties betekenisvolle verskille tussen die response van die eksperimentele en kontrolegroep voorgekom het nie. By hierdie ondersoek het sodanige verskille wel voorgekom ten opsigte van die volgende vrae oor huiswerk-gewoontes en studie-omstandighede:

Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik per dag aan jou huiswerk (skoolwerk)?  
Maandag tot Donderdag (meisies).

Hoe laat staan jy gewoonlik in die oggend op? (Maandae tot Vrydae gedurende die skoolkwartaal (meisies).

Bogenoemde veranderlikes word nie in die tabelle wat hierop volg, weer-gegee nie. By al die ander vrae kon daar wel statistiese verwerkings gedoen word en word die resultate in tabelle 1 tot 10 aangetoon.

### 4.2 TYD OM HUISWERK TE DOEN

In tabelle 1 en 2 word die response van die seuns en meisies op die volgende item ontleed: "Kry jy genoeg tyd om jou huiswerk (skoolwerk) so goed as moontlik te doen?" 'n Statisties betekenisvolle verskuiwing het slegs by die seuns voorgekom.

Nadat by die eksperimentele groep proporsioneel voorsiening gemaak is vir die normale verskuiwings wat by die kontrolegroep voorgekom het, het minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 aangedui dat hulle genoeg tyd kry om hulle huiswerk so goed as moontlik te doen. Die afname is statisties betekenisvol en kan waarskynlik aan die invloed van televisie toegeskryf word.

TABEL 1

KRY JY GENOEG TYD OM JOU HUISWERK (SKOOLWERK) SO GOED AS MOONTLIK TE DOEN? (SEUNS)

Antwoord	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ja	88	94	83	89	500	95	458	87	481	92	0,063	3,932*
Nee	6	6	10	11	27	5	67	13	44	8		
TOTAAL	94	100	93	100	527	100	525	100	525	100		

TABEL 2

KRY JY GENOEG TYD OM JOU HUISWERK (SKOOLWERK) SO GOED AS MOONTLIK TE DOEN? (MEISIES)

Antwoord	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ja	127	89	118	82	475	94	430	85	465	92	3,198	1,419
Nee	16	11	26	18	32	6	78	15	43	8		
TOTAAL	143	100	144	100	507	100	508	100	508	100		



#### 4.3 TYD GEDURENDE DIE WEEK AAN HUISWERK BESTEE

Ten einde te bepaal of televisie enige invloed het op die tyd wat die leerlinge gedurende die week aan hulle huiswerk bestee, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik per dag aan jou huiswerk (skoolwerk)?" (Maandag tot Donderdag).

Geen berekenings kon in die geval van die meisies gedoen word nie, aangesien daar reeds voor die instelling van televisie statisties betekenisvolle verskille tussen die response van die eksperimentele en kontrolegroep voorgekom het.

Die dichotome-verdeling, met die snypunt tussen die twee aangrensende antwoordkategorieë met die hoogste frekwensie (kyk p. 8 paragraaf 2), het meegebring dat die antwoorde van die seuns herlei is tot twee kategorieë, naamlik "minder as 1 uur" en "1 uur en meer" (tabel 3). Volgens hierdie verdeling is bevind dat televisie 'n remmende invloed gehad het op die tyd wat seuns daaglik aan huiswerk bestee, dit wil sê televisie het waarskynlik meegebring dat hulle minder tyd per dag aan hul huiswerk bestee het.

Die laasgenoemde bevinding ten opsigte van die seuns toon ooreenstemming met die bevindinge van buitelandse navorsers soos Schramm, Lyle en Parker (1961), Furu (1962), Bennett (1974) en Maletzke (1959) wat vasgestel het dat kinders, na die koms van televisie, oor die algemeen minder tyd aan hulle huiswerk bestee het. Hierdie bevindings strook ook met die resultate van Du Preez (1975) se ondersoek oor die invloed van televisie op die tyd wat Suid-Afrikaanse Engelssprekende meisies aan huiswerk afstaan.

#### 4.4 TYD OOR NAWEKE AAN HUISWERK BESTEE

In tabelle 4 en 5 word die response van die seuns en meisies op die volgende vraag weergegee: "Hoeveel tyd bestee jy gewoonlik oor naweke aan jou huiswerk (skoolwerk)?"

Soos blyk uit die gegewens van tabelle 4 en 5, is daar geen statisties

TABEL 3

HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK PER DAG AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? MAANDAG TOT DONDERDAG (SEUNS)

Tyd aan huiswerk bestee	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Minder as 1 uur	26	28	19	20	168	32	173	33	211	40		
1 uur en meer	68	72	74	80	352	68	352	67	314	60	0,595	6,686**
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	525	100	525	100		

TABEL 4

HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK OOR NAWEKE AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? (SEUNS)

Tyd aan huiswerk bestee	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)				Eksperimentele groep (TV)						Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Minder as 1 uur	54	57	53	57	340	65	334	64	336	64		
1 uur en meer	40	43	40	43	180	35	191	36	189	36	1,850	0,163
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	525	100	525	100		

TABEL 5

HOEVEEL TYD BESTEE JY GEWOONLIK OOR NAWEKE AAN JOU HUISWERK (SKOOLWERK)? (MEISIES)

Tyd aan huiswerk bestee	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)				Eksperimentele groep (TV)						Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Minder as 1 uur	58	41	64	44	252	50	265	52	247	49		
1 uur en meer	84	59	80	56	251	50	243	48	261	51	3,438	0,166
TOTAAL	142	100	144	100	503	100	508	100	508	100		

betekenisvolle verskuiwing by die seuns sowel as die meisies gevind nie. Die tyd wat die seuns en meisies oor naweke aan huiswerk bestee word dus nie deur televisie geraak nie.

#### 4.5 SLAAPTYD GEDURENDE WEEKSDAE

Buitelandse navorsers soos Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958), Furu (1962) en Cammaer, Sonnevile en Verboven (1972) het bevind dat televisiekykers saans later gaan slaap, en Schramm (1964, p. 16) konstateer in die verband: "Television postpones average bedtimes a few minutes, but seems to decrease sleeping time very little because children who have stayed up later appear to go to sleep more quickly".

In hierdie ondersoek word daar gelet op die moontlike invloed van televisie op die slaaptye van seuns en meisies op weeksaande (Maandae tot Donderdae) gedurende skoolkwartale. Soos reeds genoem (kyk p. 8) is die antwoordmoontlikhede by vroeë met meer as twee antwoordmoontlikhede vir die doeleinde van die studie saamgevoeg tot twee kategorieë. Die antwoordmoontlikhede by die betrokke vraag is herlei na die kategorieë "Voor 22h00" en "22h00 en later".

Soos blyk uit die gegewens van tabelle 6 en 7 het daar na die instelling van televisie 'n betekenisvolle verskuiwing in die slaaptye van sowel die seuns as meisies voorgekom. Ontleding van die gegewens toon dat daar by die eksperimentele groepe (1976 aangepas) 'n statisties betekenisvolle toename was in die getal seuns en meisies wat aangetoon het dat hulle saans na 22h00 gaan slaap. Die toename kan waarskynlik aan die invloed van televisie toegeskryf word.

Die laasgenoemde bevinding stem dus ooreen met die bovermelde buitelandse bevindinge, en dit is interessant om daarop te let dat Du Preez (1978) ook bevind het dat die Engelssprekende standaard vyf-seuns wat televisie kyk neig om saans later te gaan slaap as wat dit voor die instelling van televisie die geval was.

TABEL 6

HOE LAAT GAAN JY GEWOONLIK IN DIE AANDE SLAAP? (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (SEUNS)

Slaaptye	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Voor 22h00	76	81	56	60	418	80	239	46	347	66		
22h00 en later	18	19	37	40	102	20	286	54	178	34	0,001	26,471***
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	525	100	525	100		

TABEL 7

HOE LAAT GAAN JY GEWOONLIK IN DIE AANDE SLAAP? (MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (MEISIES)

Slaaptye	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Voor 22h00	108	77	78	54	377	75	217	43	331	65		
22h00 en later	33	23	66	46	124	25	291	57	177	35	0,047	11,800***
TOTAAL	141	100	144	100	501	100	508	100	508	100		

#### 4.6 OPSTAANTYD GEDURENDE WEEKSDAE

Ten einde te bepaal of televisie enige invloed op die leerlinge se opstaantye het, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Hoe laat staan jy gewoonlik in die oggende op? (Maandae tot Vrydae gedurende skoolkwartale)".

Soos blyk uit die gegewens van tabel 8, is daar geen statisties betekenisvolle verskuiwing ten opsigte van die seuns verkry nie. Opstaantye van seuns word dus nie deur televisie geraak nie. Die vasgestelde aanvangstye van skole soggens het waarskynlik tot gevolg dat dié seuns, al bly hulle saans later op (vergelyk tabel 6), nie in die oggende later kan slaap nie.

Geen berekenings kon by die betrokke veranderlike ten opsigte van die meisies gedoen word nie (kyk punt 4.1).

#### 4.7 DIE MATE WAARIN PROBLEME ONDERVIND WORD OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) SÊ

Soos reeds vermeld (kyk punt 4.4) het buitelandse navorsers soos Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) en Furu (1962) bevind dat televisiekykers saans later gaan slaap. Die neiging het ook onder die seuns en meisies by hierdie ondersoek voorgekom. Ten opsigte van slaaptye konstateer Schramm (1964, p. 16) die volgende: "It is true that there are reports in the research of children ... who are sleepy in school because they have stayed up late at night to see a program". Die feit dat televisiekykers minder slaap omdat hulle later in die bed kom, mag dus daartoe lei dat hulle vanweë vermoeidheid probleme ondervind om in die klaskamer aandag te gee aan wat die onderwyser(es) sê.

Soos in tabelle 9 en 10 aangetoon, het 'n statisties betekenisvolle verskuiwing slegs by die seuns voorgekom. Die waarskynlike invloed van televisie kan hier so geïnterpreteer word dat minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 probleme ondervind het om in die klas aandag te gee aan wat die onderwyser(es) sê, as wat dit die geval sou gewees het indien daar nie televisie was nie.

TABEL 8

HOE LAAT STAAN JY GEWOONLIK IN DIE OGGENDE OP? (MAANDAE TOT VRYDAE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTAAL) (SEUNS)

Opstaantye	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)				Eksperimentele groep (TV)						Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Voor 6h30	49	52	45	48	273	53	246	47	266	51		
6h30 en later	45	48	48	52	247	47	279	53	259	49	0,002	0,282
TOTAAL	94	100	93	100	520	100	525	100	525	100		

TABEL 9

VIND JY DIT MOEILIK OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) SÊ? (SEUNSG)

Antwoord	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ondervind wel probleme	48	51	64	69	296	56	330	63	237	45	0,647	12,559***
Ondervind nie probleme	46	49	29	31	231	44	196	37	289	55		
TOTAAL	94	100	93	100	527	100	526	100	526	100		

TABEL 10

VIND JY DIT MOEILIK OM IN DIE KLAS AANDAG TE GEE AAN WAT DIE ONDERWYSER(ES) SÊ? (MEISIES)

Antwoord	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep (NIE-TV)					Eksperimentele groep (TV)					Eksperimentele groep 1974 teenoor kontro- legroep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teen- oor eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ondervind wel probleme	80	56	97	67	290	57	322	63	264	52	0,030	2,594
Ondervind nie probleme	63	44	47	33	217	43	186	37	244	48		
TOTAAL	143	100	144	100	507	100	508	100	508	100		



Laasgenoemde bevinding is nie in ooreenstemming met die buitelandse bevindings (soos aangehaal deur Schramm (1964)) nie. Dit mag wees dat Schramm se aanhaling meer betrekking het op uitsonderlike gevalle en dat kinders, wat saans televisie kyk, gewoonlik nie so laat gaan slaap dat dit hulle konsentrasievermoë in die klaskamer raak nie. Daar kan miskien tot groter klaarheid in die verband gekom word met die verdere opvolgstudies wat die Instituut vir Kommunikasie-navorsing tans onderneem.

## 5 SAMEVATTING EN SLOT

Die doel met hierdie ondersoek was om die moontlike korttermyninvloed van televisie op enkele huiswerkgewoontes en studie-omstandighede van standaard agt-dagskoliere in 1976 te bepaal. Die totale steekproef (N = 1 271) is in 'n eksperimentele (televisiekykers) en 'n kontrolegroep (nie-televisiekykers) verdeel. Kuierkykers, dit wil sê leerlinge wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wel elders gekyk het, is nie by die ondersoek betrek nie. Ten einde voorsiening te maak vir die "nuutheidseffek" is slegs dié respondente gebruik wat in die Televisievraelys aangedui het dat hulle reeds vir 3 maande en langer oor 'n televisiestel in die huis beskik.

Wat die seuns betref is aanduidings gevind dat televisie 'n afname te weeggebring het in die getal seuns wat aangedui het dat hulle genoeg tyd kry om hulle huiswerk so goed as moontlik te doen. Daar is verder bevind dat televisie waarskynlik die effek gehad het dat seuns gedurende die week (Maandae tot Donderdae) minder tyd aan huiswerk bestee het. Die tyd wat die seuns oor naweke aan huiswerk afstaan is nie deur televisie geraak nie.

Hoewel daar 'n toename voorgekom het in die getal seuns wat aangedui het dat hulle saans na 22h00 gaan slaap, dui die bevinding ten opsigte van konsentrasievermoë daarop dat minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 probleme ondervind het om bedags in die klas aandag te gee aan wat die onderwyser(es) sê, as wat dit die geval sou gewees het indien daar nie televisie was nie. Hieruit wil dit voorkom of hulle gewoonlik nie so laat in die aand gaan slaap dat hulle nog die volgende oggend moeg is nie.

By die meisies is daar 'n statisties betekenisvolle toename bevind in die getal wat aangedui het dat hulle saans na 22h00 gaan slaap. Die tyd wat hulle gedurende die week aan hulle huiswerk bestee is egter nie, soos in die geval van die seuns, deur televisie geraak nie. Verder is ook bevind dat daar geen betekenisvolle verskuiwing voorgekom het in die getal meisies wat aangedui het dat hulle nie genoeg tyd kry om hulle huiswerk so goed as moontlik te doen nie.

6

## SYNOPSIS AND CONCLUSION

The aim of this investigation was to determine the probable short-term effect of television on some homework habits and conditions of study of Standard Eight day-scholars in 1976. The total sample (N = 1 271) was divided into an experimental group (television viewers) and a control group (non-television viewers). Pupils who did not have a set at home, but who viewed programmes elsewhere, were not involved in the investigation. To allow for the 'novelty effect' only respondents who indicated in the Television Questionnaire that they had had a set at home for at least three months were included in the experimental group.

As far as boys are concerned, there were indications that television caused a drop in the number of boys who indicated that they found sufficient time for doing their homework to the best of their ability. It was also found that television probably had the effect that boys devoted less time to homework during the week (Mondays to Thursdays). The time boys devoted to homework during week-ends was not affected by television.

Although there was an increase in the number of boys who indicated that they went to bed after 22h00 at night, the finding concerning the ability to concentrate indicates that in 1976 fewer boys in the experimental group experienced problems in paying attention to the teachers in class than would have been the case had there not been television. It follows from this that they did not go to bed so late that they would still be tired the next day.

In the case of girls there was a statistically significant increase in the number who indicated that they went to bed after 22h00. However, the time

they devoted to homework during the week, unlike in the case of boys, was not affected by television viewing. It was also found that no significant shift had occurred in the number of girls who indicated that they did not have sufficient time for doing their homework to the best of their ability.

no. 50965  
copy no. 50968



BIBLIOGRAFIE

1. BENNET, D.G. The effect of domestic television viewing upon the academic performance of the child. Visual Education. April 1974: 25-32.
2. CAMMAER, H., SONNEVILLE, M. en VERBOVEN, H. Televisiejeugd. Antwerpen - Utrecht, Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel, 1972.
3. DU PREEZ, P.H. 'n Onderzoek na tydbenuttings- en agtergrondsfaktore wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standaard agt-leerlinge: 'n voor-televisie-opname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977.
4. DU PREEZ, P.H. The effect of television on some homework habits and conditions of study of English-speaking Standard 5 day-scholars. Pretoria, Human Sciences Research Council, 1978.
5. DU TOIT, L.B.H. Die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie in die middelbare skool. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1970, (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)
6. FURU, T. Television and children's life: a before-after study. Tokio, Japan Broadcasting Corporation and Television Research Institute, 1962.
7. HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. Television and the child: an empirical study of the effect of television on the young. London, Oxford University Press.
8. MALETZKE, G. Fernsehen im Leben der Jugend. Hamburg, Hans Bredow Institut, 1959.
9. SCHRAMM, W. ed. The effects of television on children and adolescents. In: Reports and Papers on Mass Communication. Paris, Unesco, 1964.
10. SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. Television in the lives of our children. Stanford, Stanford University Press, 1961.
11. SIEGEL, S. Nonparametric statistics for the behavioral sciences. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1965.